Nederduitse Gereformeerde Kerk
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Beste kollega

Die jaar 2018 het met ’n knal begin. Hopelik het jy en jou mense ’n baie geseënde fees- en rustyd gehad. Mag die jaar wat voorlê in alle opsigte vir jou en jou mense ’n wonderlike reis wees waarin julle die teenwoordigheid van die Hemelse Vader in alle opsigte sal ervaar.

Soos ek gereeld doen, wil ek weer die volgende drie sake onder jou aandag bring:

1. Onderwys

Die NG Kerk wil die matrieks van 2017 hartlik gelukwens met hulle sukses. Die matriekuitslae van 2017 het in sekere opsigte duidelike vordering getoon. Die slaagsyfer van 75,1% verteenwoordig ’n verbetering van 2,6% op die 2016-slaagsyfer van 72,5%. Die eksamenproses is oorwegend goed bestuur. Insidente van vraestelle wat uitgelek het, soos in vorige jare, het geensins die integriteit van die uitslae negatief beïnvloed nie. Aanpassings van vakke op- en afwaarts is bykans die helfte minder as in die verlede gedoen. Geen opwaartse aanpassings van krities noodsaaklike vakke soos wiskunde, wiskundige geletterdheid en fisiese wetenskap is gedoen nie. Die afstand tussen ryk en arm skole het, wat prestasies betref, gekrimp.

Tog is daar nog redelik rede tot kommer. Die onderrig en die slaagsyfer van wiskunde en wetenskap is steeds ’n uitdaging. Onderwys is nog nie gefokus genoeg om positiewe uitkomste vir die arbeidsmark tot gevolg te hê nie. Die wysigingsontwerp van die Skolewet, indien dit sou slaag, gaan min bydra om die gehalte van onderwys te verbeter. Ouers se demokratiese regte word ernstig deur die wysigings benadeel, deurdat dit die onderwysstelsel wil sentraliseer. Die uitdaging van gratis onderwys skep geweldige probleme vir tersiêre instansies en is ontwrigtend vir die hele stelsel.

Die gemeentes van die NG Kerk sal, soos gebruiklik, op 12 Februarie voorbidding doen vir onderwys en opvoeding. ’n Beroep word op gemeentes gedoen om op daardie dag uit te reik na opvoedkundige instansies en hulle personeel. Talle gemeentes het die gebruik om op ’n besonderse manier aandag te gee aan onderwysers en dosente in hulle gemeentes. Dit is ’n uitstekende geleentheid om die fokus op die belangrikheid van die onderwys te laat val.

Ek wil ook graag vir elkeen dankie sê wat op die een of ander manier kritiek gelewer het op die Wysigingswetsontwerp van die Skolewet. Meer as 180 000 reaksies is ontvang, die meeste ooit.

2. Bod van die WRK

In ’n vorige brief het ek jou meegedeel dat die NG Kerk en die VGK op die kortlys is om die Algemene Vergadering van die Wêreldraad van Kerke (WRK) in 2021 in Kaapstad aan te bied. Twee lede van die WRK se bodkomitee het Kaapstad van 13-16 Januarie besoek.

Die besoek was ’n groot sukses en die NGK en VGK behoort nou sterk kandidate te wees. Tydens ’n funksie het ekumeniese vennote sterk argumente aangevoer waarom die bod Kaapstad toe moet kom. Elkeen kan trots wees op die ongelooflike goeie fasiliteite wat ’n stad soos Kaapstad bied om so ’n groot vergadering aan te bied.

3. Ontmoeting met die EFF

In ’n poging om met politieke partye en ander rolspelers in gesprek te tree en ons getuienis te lewer, het die NG Kerk op 19 Januarie ’n ontmoeting met die EFF gehad. Dié geleentheid het op kort kennisgewing by die kantore van die EFF in Braamfontein, Johannesburg, plaasgevind. Die NG Kerk is verteenwoordig deur Nelis van Rensburg, Dirkie van der Spuy en Gustav Claassen. Bykans die hele EFF-leierskap onder leiding van mnr Julius Malema was teenwoordig. Die afvaardiging het getuig van die roeping van die kerk om ’n morele kompas vir die nasie te wees.

Die NG-afvaardiging het op vier temas gefokus:

1. Versoening en groter begrip tussen die mense van SA.

2. Ekonomiese transformasie sodat die gaping tussen ryk en arm kan verklein. Hier is onder meer sterk gefokus op die rol van onderwys.

3. Grondhervorming en voedselsekuriteit.

4. Misdaad, waaronder aanvalle op plase en korrupsie. Baie landbouers is lidmate van die NG Kerk. Die kerk is diep bekommerd oor die blootstelling van ons plaasgemeenskappe aan misdaad.

Nadat gesprekke oor dié sake gevoer is, het ons met gebed afgesluit. Groot waardering is uitgespreek vir die kerk se besoek en die gebed wat gedoen is. Die kerk is genooi om as tussenganger op te tree waar organisasies met die oog op voorstelle en oplossings met die party in gesprek wil tree. Ons meen hierdie besoek het ’n belangrike bydrae gelewer in die afbreek van stereotipes. Dit is deel van die roeping van die kerk om te getuig van die liefde en vrede van Christus waar onmin en misverstand heers. Met hierdie gesprek is daar beslis daarin geslaag.

Groete en seën.

Gustav Claassen
Algemene Sekretaris
Nederduitse Gereformeerde Kerk